NIKOS GEMEENTE KAMP 2017

(13) 14–17 (18) APRIL 2017

Die amptelike kamp datum is 14 - 17 APRIL 2017. Sommige gaan egter vanaf die 13-18 April en almal is welkom om dit saam met ons te doen met addisionele kostes vir die ekstra 2 dae.

Indien u die 14 April vanuit Pretoria ry moet u sorg dra om ten minste 03:00 uur die oggend uit Pretoria vertrek want die kamp begin amptelik 07:00 vanwaar ons na ons eerste besigtiging vertrek. NEEM KENNIS DAT DIT 'N GEESTELIKE KAMP GAAN WEES (Hierdie is jou kans vir daardie unieke persoonlike ontmoeting waarvan ons altyd praat).

Kostes

Die kostes word as volg bereken:
Volwassenes = R200-00 per dag
Kinders tussen 9-18 = R150-00.
Kinders tussen 5-8 jaar = R50 per dag.
Kinders onder 5 = R30.00 per dag.

Alle kostes sluit koffie, kos en verblyf in. Indien u die ekstra 2 dae (Donderdag en Maandag) saam met ons gaan aanbly sal die ekstra kostes R70- 00 p/d per volwasse wees, R55 per skoolgaande kind en geen ekstra kostes vir kinders onder 5 jaar. U kan u eie vervoerkostes uitwerk. Graskop is 390km vanaf Pretoria. Verder gaan ons nog so ongeveer 200km daar rondry. Tolgelde beloop tussen R250-00 tot R300-00 retoer afhangende die roete wat jy verkies. Ons gaan egter poog om daar van saamry geleenthede te gebruik.

Etes

Etes vanaf die 14-17 April is by die kampgelde ingesluit. Kos word gemaak in 'n netjiese en wel toegeruste ARMY kombuis. Spanne sal opgemaak word om die kos voor te berei. Die wat die ekstra dae saam met ons gaan oorbly, sal saam braai (Elkeen kan sy eie vleis vir die aand by SPAR aankoop). Versnapering en ander benodighede kan aangekoop word by SPAR en PEP in die dorp (4 km. vanaf kampterrein). Ons stop elke oggend by SPAR.

Slaapplek

Ouer volwassenes en volwassenes met klein kinders word in kamers in huise ingedeel. Ander volwassenes word saam met ons in enkel kwartiere (eie kamers) ingedeel - Tieners en Jeug in Bungalows - Klein kinders mag by hul ouers in hulle kamers slaap.

Vervoer na Verskillende Plekke

Ons gaan kyk hoeveel Bakkies daar gaan wees. Indien moontlik kan die kinders dan sommer agter-op die bakkies ry en so sal daar in voertuie meer plek wees sodat die volwassenes sommer saam met mekaar na die verskillende plekke kan ry. Indien u met u eie voertuig wil ry is u welkom. Alle plekke met die uitsondering van 2 is toeganklik met gewone motors.

Neem die Volgende Saam:

('n Meer volledige lys sal gegee word aan die wat registreer).

- Duikbril & Snorkel (BAIE BELANGRIK) Koop verkieslik by GAME.
- Beddegoed
- Warm klere en reënjas (Snags is dit altyd koel)
- Badkamer goed
- Ou klere (Onthou, ons gaan Hindernisbaan en Lantern bekruip doen)
- Ekstra Kostuum / Swemhemp / Hoed & Sonskermroom
- Handdoeke
- Eie eetgerei en vaddoeke
- Waterskoene (Ons het al alles probeer - Croc's werk die beste). Kry die skoen tipe wat die hele voet toemaak. R60-00 by PEP.
- Muskiet goed

Indien u iets by die huis vergeet het, kan dit in Graskop en Sabie gekoop word.
Kontak Alet by 076 627 9286 vir enige navrae i.v.m betaling en kwotasie.